Oordenking
1 April 2009

Jesus is gekruisig

Lukas 23: 33 : *Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant.*

Jesus is op die Kopbeenplek gekruisig. Die ander Evangelies noem dit Golgota, 'n Griekse transliterasie vir "plek van die kopbeen".

Jesus het vir my sonde gesterf. Jesus se dood het werklik plaasgevind – op 'n plek wat werklik bestaan en op 'n spesifieke dag en tyd wat werklik is soos die Skrif ons leer. Daar het ons wonderlike Here gely en gesterf vir die sonde van die wêreld – ja, ook vir my sonde. Ek wil graag die werklikheid van sy offer vir my ervaar.
Die gebeure van die Via Dolorosa nooi my uit om Jesus op die lydensweg te volg, sodat ek 'n dieper verstaan en dankbaarheid van al die seën wat dit vir my bring kan ervaar en aan Hom met groter toewyding dankbaar kan wees vir hierdie seën, wat ek so maklik as vanselfsprekend kan beskou.

Gebed: Genadige Heer, hoe kan ek U ooit genoeg dank dat U aan die kruis vir my gesterf het. U dood het aan my die lewe gegee. U offer het my seën geword. Ek bely dat ek soms u dood as vanselfsprekend aanvaar, Here, of selfs vergeet wat u vir my gedoen het en dat ek U nie genoeg daarvoor dank nie. Vergewe my Here. Selfs al was ek nie daar nie, Heer, mag die werklikheid van u kruis, u offer, vir altyd 'n indruk op my maak en my hart vol dankbaarheid laat! Amen.